# WAG TOT DAGBREEK

DEUR BRAAM LE ROUX




TEMMERS VAN DIE WOESTYN · N° 31

# INHOUDSOPGAAF

| *Hoofstuk* | | *Bladsy* |
|---|---|---|
| I. | Die Leë Huis ... ... ... ... ... | 7 |
| II. | Gif vir die Hart ... ... ... ... | 19 |
| III. | Gapende Afgrond ... ... ... ... | 32 |
| IV. | Pad deur die Berge ... ... ... ... | 45 |
| V. | Wolwe op die Spoor ... ... ... ... | 58 |
| VI. | Wag tot Dagbreek ... ... ... ... | 71 |
| VII. | Deur die Duister ... ... ... ... | 81 |
| VIII. | 'n Nuwe Môre ... ... ... ... ... | 95 |

## Hoofstuk I

# DIE LEË HUIS

HY is sonder hoed en die wind speel deur sy hare. Die laaste endjie pad na die dorpshek toe lê hy op 'n stywe galop af. Hy buk vooroor en fluister in die oor van sy perd:

„Toe maar, ons is nou daar, Bokkie. En ek belowe jou 'n hele kripvol groen voer. Ek weet die oubaas het altyd lusern langs die huis gehad. En water, Bokkie, water! Ons is albei dors."

Hy klop die perd teen sy nek en die dier proes, laat sy kop sak en ruk aan die teuels.

Bennie Maree glimlag en hy stryk sy pikswart hare met sy vuil hand agteroor. Stoppelbaard staan wild op sy kennebak en sy gesig is vuil en vol stof. Wit salpeterkolle het reeds hier op die appelblou skimmel gevorm. Langs die saal is daar nat sweetkolle.

Bokkie stryk al in die beespaadjie af. Die son sit al hoog in die lug. Drie uur gelede het die dag gebreek en toe was Bokkie en sy baas Bennie nog ver in die woestyn. Nou nader hulle die dorpie Olifantshoek in die Noordweste, Bennie se geboortedorpie. Hy het nooit van Olifantshoek gehou nie. Sy jeugjare het maar somber hier verloop, maar noudat hy die gehuggie nader, klop sy hart al vinniger. Hy wil sy vader graag weer sien. Hy het hom alles reeds vergewe, alles wat die verlede vir hom onaangenaam gemaak het. In die afgelope tyd het hy daar in die vreemde net mooi gedagtes uitgestuur na sy vader. Hy het nie meer aan die onaangename dinge gedink nie en self net geleef vir die dag wanneer hy met baie geld sal terugkom.

By die gedagte aan die geld klop Bennie teen die saalsak. In die saalsak lê 'n halfdosyn tabaksakkies en hulle is almal vol goue ponde en banknote. Seshonderd pond is nie min nie en met seshonderd pond kan hy 'n plaas begin, met rooi afrikaners. En hy en sy vader kan saam boer en saam woon.

Bennie het sy kinderskoene nou ontgroei en hy weet nou, meer as ooit tevore, dat hy sy ouers nodig het.

Hy was slegs elf jaar oud toe sy moeder oorlede is, 'n versukkelde wese wat maar altyd 'n versukkelde bestaan moes gemaak het. Hy kan die klein platdakhuisie aan die end van die dorp nou nog in sy verbeelding sien, waar sy moeder gewas en gestryk het, die paar hoenders en die twee koeie alleen versorg het, terwyl sy vader heeldag en selfs snags nie eens naby die huis was nie. As sy moeder hom stuur om na sy vader te gaan soek, het hy hom meermale in die hotelkroeg raakgeloop, maar baie dikwels kon hy hom nie eens daar opspoor nie, en dan moes hy en sy moeder kommer en angs deurleef, totdat hy kom, luidrugtig en halfbesope. Dan het hy gepraat van die rykdom wat eendag sou kom. Hy onthou sy vader op twee maniere : die rustelose mens wat nooit daar is nie, en die mengsel van drankreuk en sweet.

Na sy moeder se dood was hy dae en nagte alleen by die huis. Hy moes die sendingskool verlaat. Dit was die eis van sy vader. Eerw. Moody was baie gebelgd daaroor, maar Arend Maree, die man met die krom neus en breë skouers, het die sendeling byna te lyf gegaan.

Bennie kan al hierdie dinge nog glashelder onthou, maar waar hy 'n jaar gelede nog met verbittering daaraan gedink het, hinder dit hom nie meer nie. Dit is asof hy tot volle rypheid gekom het, tot volle wasdom op die ouderdom van twintig jaar. Die lewe in Suidwes het hom gebrei, dit het hom geduld en takt geleer. Hy het vir een van die rykste plaasboere gewerk, vyf jaar lank. Hy was soos 'n seun in die Duitser se huis. Hy het nie net gewerk nie, maar by die Lutherse sendingstasie het hy saam met die Duitser se kinders ook hard geleer. Die Duitse baas het hom soos 'n vader behandel. Hy het sy geld per jaar ontvang en sy beeste is vir hom gemerk. Bennie het ywerig gespaar om vir hom eendag 'n plaas en beeste te kan koop. Destyds het hy nog gereken dat hy in Suidwes gaan bly, maar algaande het hy meer huis toe verlang, algaande het die beeld van sy vader verander. Algaande het hy gevoel dat loutering sy vader tot besinning sou bring.



Nou gaan hy terug soos die verlore seun, na sy vader, en sy huis.

'n Wonderlike vreugde bruis in hom op terwyl hy so dink en Bokkie so egalig voortgaloppeer.

Vyf jaar gelede het sy vader hom 'n klap gegee. Dit het hom oor die bed laat val; sy kop het teen die muur geklap. En daar het Arend Maree gestaan met sy krom neus; sy swart hare wat deurmekaar op sy kop gelê het. Hy was woedend, sy bruin oë het gegloei en toe hy praat, het die speeksel by sy mond uitgespat van verontwaardiging. Hy het sy seun van vyftien jaar uit die huis gejaag en Bennie kan selfs sy einste woorde onthou.

„Gaan uit hier, jou leeglêer! Gaan doen iets! Gaan werk!"

„Maar, Vader, ek doen dit. Ek kan nie meer doen as wat ek doen nie. Die kos wat ons eet, koop ek met die geld wat ek verdien. Ek kan nie meer doen nie."

Hy was dronk, verskriklik dronk, en Bennie was bang. Hy was nog nooit weer so bang soos daardie aand nie. Arend, die bonkige, breedgeskouerde Arend Maree het kussings begin rondgooi.

„Ek gee nie om of jy meer kan doen of nie meer kan doen nie. Steel as jy nie anders kan nie, maar trap hier uit die huis uit! Ek wil jou nie weer sien nie!"

Bennie het nie antwoorde gehad vir die vloed van beledigings en beskuldigings nie. Hy het die huis uitgestorm en gehardloop.

Eers later, toe die nag al ver gevorder het, die sterre lewendig maar stil bo geskitter het, het hy teruggekeer om 'n perd op te saal, om 'n bietjie klere in te pak. Toe was hy verbitterd, hartseer, en hy het homself bejammer. Hy het sy vuiste gebal en gesweer dat hy nooit weer sal terugkeer nie. Sy vader het gelê en snork in een van die kamers.

Voordat hy by die dorpshek uitgery het, het hy 'n draai gegooi by die dorpskerkhof tussen die kwarriebosse, en by die graf van sy moeder gaan ween, gehuil en deurmekaar gebid.

Toe is hy daar weg, die vreemde in.

En in vyf jaar het hy niks van sy vader gehoor nie, geen tyding nie, hoewel hy talle briewe geskryf het. Dit het gelyk asof sy vader hom nie wou erken as seun nie, asof hy hom wou afsterf, en dit het Bennie nog meer verbitterd gemaak en hom harder laat werk. Hy wou sy vader wys wat in hom steek.

En met die jare en die maande het sy verbittering verbygegaan. Die gedagtes aan sy vader het mooier geword. Daar was geen verwyt meer nie. Hy het toe nie meer briewe geskryf nie, maar geleef vir die dag wanneer hy hier na Olifantshoek sou terugkeer, terugkeer met geld en met versoening in sy hart. Hy was die verlore seun en hy sou terugkeer en eerste toenadering soek. Hulle moet voortaan as vader en seun saamleef. En op hierdie trant dink hy al 'n paar maande lank, en nou eindelik nader hy Olifantshoek.

Die stof trek onder sy perd se hoewe uit toe hy die dier op 'n kalkkoppie inhou, en hier voor hulle lê Olifantshoek. Anderkant die gehuggie is die bergkop wat die gehuggie sy naam besorg het, die ronde groot rotsformasie wat na die yslike kop van 'n dier lyk.

Hier wei die bokke soos destyds toe hy hier weg is, voor die dorpshek. Hy kan die hotel sien. Hy kan die meule sien, die smidswinkel, die huise. En aan die end van die pad wat met 'n draai deur die dorpie loop, kan hy hulle platdakhuisie tussen twee groot bome sien. Agter die huisie is die sandkoppie waar hy altyd as 'n kind gespeel het. Op daardie kop met die rooi sand het die vaal volstruiswyfie gebroei. Daar het hy soos 'n mal ding agter die klein volstruisies aangehardloop totdat die wyfie blasend op hom afgestorm het. En daar staan die vaalkameel waarin hy gevlug het toe haar pote die aarde hier agter hom laat dreun het.

Hy glimlag oor al hierdie dinge en 'n oorstelpende vreugde vul sy hart.

Bennie haal sy kakie sakdoek uit sy sak en vee die sweet van sy voorhoof af.

Die perd proes en laat sak sy kop, ruk die teuels uit Bennie se hand.



„Nou word jy haastig, Bennie, en jy ken die baas nie eens nie; jy ken hom nie eens nie, maar hy is nie meer kwaai nie, Bokkie, en ek weet hy gaan ons met oop arms ontvang."

Hy ruk sy teuels in en nou trippel Bokkie deur die doprshek. Bennie sit regop in die saal en kyk na die huisies. Hy wuif vir die meulenaar, maar hy kan sien dat ou Delport hom glad nie herken nie. Twee jong meisies loop in die pad by hom verby, maar hy ken hulle nie, hoewel Olifantshoek in vyf jaar nog geensins verander het nie.

By die smidswinkel hou Bennie sy perd 'n oomblik in en beskou die beweging van die smid wat besig is met 'n karband. Toe hy hom na 'n paar oomblikke nog nie opmerk nie, groet Bennie luid. Koot Kruger draai om en stoot sy hoed uit sy oë. Met 'n gloeiende yster in sy hand betrag hy die ruiter 'n oomblik en dan sprei daar 'n glimlag om sy dik lippe.

„My genugtig . . . Dit is sowaar Bennie!"

Hy gooi die gloeiende yster neer, vee sy hande aan sy reeds besmeerde voorskoot af en kom nader.

Bennie klim vinnig uit die saal.

Koot druk sy hand en vra weer :

„Waar kom jy vandaan, Bennie?"

„Van Suidwes af."

„Reis jy net deur?"

„Nee . . . Nee, ek kom terug. Is my vader hier?"

Ineens is daar verbasing op die grofsmid se gesig. Die glimlag verdwyn en hy kyk af op die grond.

„Ek . . . ek . . . ek weet nie. Ek sou glad nie kan sê nie, Bennie. Maar kom weer hierlangs ou seun, kom weer hierlangs. Jy sal Lettie nie ken nie. Sy is 'n groot nooi."

Koot draai om en gaan terug na sy aambeeld toe. Bennie skud sy kop. Hy dink oom Koot word ook nou oud. Hy is seker ook baie besig. Met 'n glimlag klim Bennie weer op sy perd.

Toe hy by die hotel verbygaan, ry hy op 'n galop. Op die stoep voor die hotel spring 'n man van middelbare leeftyd skielik uit 'n rusbank op en wuif vir Bennie. Bennie groet hom terug. Hy sien dadelik dat dit die hoteleienaar, Solly Hymann, is.

„My aardetjie, Bennie! Kom hier! Kom hier! Ek wil jou iets vertel!" skree die hoteleienaar.

„Ek kom nou, oom Solly. Daar is nog baie tyd om julle almal weer te sien. Ek is vir goed terug."

Hy sien hoe dat Solly sy skouers ophaal en dan weer gaan sit.

Bennie se hart klop wild hier teen sy ribbes toe hy voor die platdakhuisie stilhou. Hy haak die teuels oor die hek-paal. Stadig maak Bennie die hek oop. Gras en bosse groei in die paadjie wat na die voordeur toe lei. Maar so ken hy dit. Met die reëntyd het hy dit altyd weggeskoffel, maar sy vader sien seker nie die nodigheid daarvan in nie.

Die hekkie is los op sy skarniere. Bennie gooi hom oop en dan stap hy na die voordeur toe. Daar is stof en droë blare op die gebarste voorstoep. Die huis lyk asof hy hom gister verlaat het.

Bennie klop saggies aan die deur. Die weerklanke uit die huis kom hol tot hom terug. Hy klop weer en dan gryp hy die deurknop vas en draai die deur oop. Dit is stram toe hy dit oopstoot. Bennie voel ineens die vrees wat in hom opkom. Die gangetjie strek donker en lank voor hom uit. Hy sit sy voet oor die drumpel en dan klap hy die spinnerak voor hom weg wat hom hier in die gesig kielie.

Bennie trek sy asem diep in en beweeg dan voetjie vir voetjie vorentoe asof hy iemand wat slaap, nie wil steur nie. Hy loer by die voorhuis in. Dit is donker en bedompig. Die gordyne wat voor die vensters hang, is verskeur, vol gate. Die meubels is nog daar, die riempiesmat-rusbank waar sy moeder hom laat kniel het toe sy hom die eerste keer leer bid het.

Sy asemhaling kom vinniger, hoorbaar. Hy stap deur na die kombuis. Daar is 'n skottel op die tafel met vuil koppies en pierings daarin. Spinnerakke hang van die dak af.

Skielik dring die werklikheid tot hom deur. Daar het lanklaas iemand in hierdie huis gebly. Sy vader het miskien lankal die huis verlaat, miskien om te gaan swerf, en daarom het hy nie die meubels saamgeneem nie. Dit verklaar ook waarom sy vader nooit sy briewe beantwoord het nie. Hy het dit nooit ontvang nie!



Bennie draai om. Sy hart wat netnou vol was, voel ineens leeg.

Waar moet hy nou na sy vader gaan soek? Hoekom het Koot Kruger hom nie gesê dat sy vader nie hier is nie?

Hy stap vinnnig by die voordeur uit en om die huis. Dan steek hy onder die seringboom op die hoek van die huis vas. Voor hom sit 'n naturel op 'n klip en hy groet met 'n ver-krimpte hand.

„Wie is jy?"

Die naturel se gesig vertrek in 'n glimlag. Bennie kan sien dat hy baie oud is.

„Ken baas Bennie dan nie meer vir ou Hênerik Stompie nie?"

Bennie kyk weer en dan weet hy dat dit outa Stompie is. Vyf jaar het die outa baie ouer laat word, en hy was oud toe Bennie hier weg is. Hy was die enigste siel wat nooit 'n skewe woord van Arend Maree gekry het nie. Arend het hom genadebrood laat eet en hy het in die stal in die agterplaas geslaap en geleef.

Nou sit hy hier onder die seringboom.

Bennie staar hom verstom aan. Sy vuiste hang langs sy sye; sy tong speel oor sy droë lippe.

„Die basie hy het teruggekom?" vra Stompie.

„Ja, Stompie, maar waar is baas Arend? Waar is my pa?"

Stompie kyk met traanogies op na Bennie.

„Foei tog, my basie! Jy het so lank weggebly, so lank. Die baas hy is nie hier nie. Hy is weg. Die baas hy kon nie so lank wag nie."

„Maar waarheen is hy, Stompie? Sê my!"

„Hy is weg, ja, Basie. Hy het gehuis . . . hy het gehuis na annerland. Ses weke, ja, ses weke gelede, die baas hy is klaar."

Bennie spring vinnig vorentoe en hy gryp Stompie aan sy uitgeteerde skouertjies. Die kombers wat die outa om hom geslaan het, val van sy maer liggaam af en hy tuimel byna van die klip af waarop hy sit.

„Wat bedoel jy, Stompie? Wat bedoel jy?"

„Baas Arend," en die ou naturel skud sy kop. „Die baas hy is nie hier nie. Gaan kyk by die kerkhof; gaan praat met baas Hymann, gaan praat met baas Koot. Hulle sal vir jou sê, hulle sal. Hulle was by die begrafnis. Ou Stompie hy kon nie loop nie."

Bennie steier terug. Dit is asof al sy drome ineens in duie stort; dit is of al sy planne en al sy goeie voornemens eensklaps verdwyn. Netnou was sy hart nog vol van die mooi dinge wat hy bedink het, maar nou voel hy ineens asof hy nie weet waarheen nie. Nou word sy vader vir hom dierbaarder as wat hy ooit was. As hy vier jaar gelede doodgegaan het, dan was dit nie so erg nie.

„Nee . . . Nee, Stompie, hoe kan jy dit sê?"

Bennie se asem jaag en die outa vee 'n traan uit sy oog.

„Ses weke gelede, Basie, hulle het hom begrawe."

Bennie se oë sak na die grond en sy vuiste gaan oop en toe. Sy voorhoof is ineens papnat van die sweet en sy bene bewe onder hom. Met 'n rukkerige beweging gaan sy hand na sy ken. Hy betas die stoppelbaard en hy voel hoedat sy hande bewe.

„Maar hoe . . . hoe, Stompie, hoe is hy dood?"

„Anner baas . . . anner baas hy het hom geskiet."

Daar kom ineens 'n wilde kyk in Bennie se oë.

„Wie . . . wie het hom geskiet? Wie . . . en hoekom?"

Weer kners Bennie op sy tande.

„Baas Hans Beyers."

„Wie is die Hans Beyers? Ek ken hom nie."

„Nee, die basie ken hom nie. Maar hy het hier gekom. Die grootbase by die Kolonie het hom hierheen gestuur."

„O, hy was 'n polisie-agent?" vra-sê Bennie en hy begin opnuut bewe. „Maar hoekom . . . hoekom het hy hom geskiet?"

„Auk, my basie, die mense praat en hulle praat. Stompie weet nie. Die baas by die hotel weet en baas Koot Kruger weet. Baas Arend hy het baie gedrink. Hy het byna nooit hier geslaap nie."



„Maar waar het hy die geld gekry om te drink, aan te hou drink?"

Stompie glimlag.

„Die baas het altyd geld gehad. Baas Arend het vir my ook baie geld gegee."

„En het die polisie-agent hom geskiet omdat hy dronk was?"

„Ja, my basie, enne . . . enne hulle sê baas Arend het nie die skietding eers by hom gehad nie. Die poliesman het hom geskiet, by die sy. Baas Arend het nie die rewolwer gehad nie."

Stompie begin huil, soos 'n kind.

Bennie draai om en sy oë lyk gevaarlik. Hulle lyk groter en blouer as ooit. Sy hand is op sy rewolwerkolf. Hy stotter wanneer hy praat:

„Die gode behoed hom . . . Die gode behoed hom."

Hy storm na die hekkie. Stompie roep sag en swak na hom. Bennie verkeer nou in verwarring, maar hy spring op sy perd en hy jaag vinnig in die pad terug na Koot Kruger toe. Solly Hymann staan egter weer op die stoep van sy hotel en hy waai weer vir Bennie.

Bennie hou sy perd in en Solly kom vinnig nader.

„My oë bedrieg my nie, Bennie. Dit is tog jy. Ek het jou al geëien netnou toe jy daar by Koot Kruger gestaan het. Bennie, jy het groot geword, maar geen stuk verander nie. Bennie . . . !"

Solly gaan in 'n vloedgolf van woorde voort, maar Bennie hoor feitlik niks wat hy brabbel nie.

„Oom Solly. My vader . . . my vader!"

„Ja, foeitog, Bennie, ek kry jou jammer. Jy kon nie betyds vir die begrafnis gewees het nie, natuurlik nie."

„Kyk, oom Solly, ek het glad nie daarvan geweet nie. Ek hoor nou eers van die . . . van die skietery. Oom Solly . . . hierdie polisie-agent, is hy . . . is hy nog hier?"

Solly sien die wilde kyk in die jong man se oë en hy skud sy kop.

„Kyk, Bennie, moet nie verkeerde gedagtes kry nie. In hemelsnaam, ons het genoeg moeilikheid gehad, oorgenoeg.